


 Debat

RIGLYNE

VIR DIE BEOORDELING VAN 'N DEBAT

2023



Die onderstaande dien as riglyne vir die gebruik en verstaan van die beoordelingstaat. Dit kan ook dien as voorbereiding van die ATKV-Debatskompetisie. Die beoordelingstaat vir al twee die afdelings is op die ATKV se webwerf (www.atkv.org.za) beskikbaar. Die riglyne hier onder kan ook op die junior- en seniorkompetisies toegepas word. Beoordelaars en afrigters moet egter daarop let dat die juniordebat heelwat eenvoudiger as die seniordebat is. Afrigters en beoordelaars moet streng by die riglyne hou.

ONTLEDING EN INTERPRETASIE

Voordat die debatteerders begin voorberei, moet hulle die onderwerp noukeurig ontleed om sodoende die onderwerp te interpreteer, sleutel terme in die onderwerp te definieer en die geskilpunte te identifiseer. Deur die ontleding openbaar die debatteerders hul insig en vermoë om die wesenlike aspekte raak te sien. Daar word ook van spanne verwag om gesaghebbende bronne by die interpretasie en ontleding van die onderwerp te gebruik. Die voorstanders het die voordeel dat hulle ontleding die aard van die debat tot 'n groot mate sal bepaal. Daarom moet die voorstanders die onderwerp redelik en regverdig interpreteer sodat die teenstanders nie deur onwaarskynlike omskrywings benadeel word nie.

Die teenstanders moet op hul beurt die onderwerp wyd interpreteer om voorsiening te maak vir die interpretasie wat die voorstanders daaraan kan gee.

Die teenstanders moet by die interpretasie van die voorstanders aanpas of gemotiveerd daarvan verskil. Albei moet die kernbegrippe sodanig interpreteer dat die spanne nie by mekaar verby praat nie.

Die hoofargumente wat gevoer word, moet tot 'n maksimum van vyf beperk word, anders kan dit tot die beklemtoning van minder belangrike argumente lei. (Let op die verskil tussen die junior- en seniordebat.)

BEWYSE/BRONNE

Om die onderwerp ten volle te bemeester, moet die debatteerder so wyd as moontlik navorsing doen. Dit is egter ook nodig dat stof selektief benader moet word, want sekere bronne, statistieke en uitsprake deur gesaghebbendes sal meer gewig dra as ander. Om seker te maak dat hulle ten alle tye 'n antwoord op die argumente van die opponente gereed het, moet die debatteerders ten volle op die hoogte wees van die hele reikwydte van die onderwerp. Dit kan alleenlik deur deeglike navorsing vermag word.

Dit is verder nodig dat bewyse vir stellings tydens debattering gevind en aangewend moet word.

Dit is noodsaaklik dat alle argumente deur genoegsame bewyse gestaaf word:

- Bewyse bestaan uit kort voorbeelde of langer illustrasies, statistieke en uitsprake van gesaghebbendes.
- Die bewyse moet waar, duidelik, genoegsaam, kontroleerbaar, onbevooroordeeld, betroubaar en aanvaarbaar vir die gehoor wees.
- 'n Wye verskeidenheid bewyse moet verkieslik op los bibliografiekaarte met volledige verwysings geskryf word en tydens die debat byderhand gehou word vir gebruik.
- Die bewyse moet beskikbaar wees vir voorlegging aan die beoordelaars indien hulle dit versoek.
- Juniors: Minstens een bron per argument.
- Seniors: Minstens twee bronne per argument.

ORGANISASIE

Dit is belangrik dat die debatstoesprake sorgvuldig georganiseer moet wees, sodat die opponent en toehoorder dit maklik kan volg. Deur goeie organisasie word die hoofargumente soos wat dit ontleed is, duidelik aangedui en daar word afsonderlik daarvoor geargumenteer. Die debatstoespraak word soos volg saamgestel:

- 'n Kort inleiding.
- 'n Duidelike uiteensetting van die hoofargumente van die span en 'n aanduiding wat die spesifieke debatteerder gaan behandel, wat daarna afsonderlik met bewyse en gevolgtrekkings deur logiese argumentering aangebied word.
- 'n Goeie slot.

Op dié manier word elke hoofpunt byna as 'n klein toesprake behandel.

Vir organisasiedoeleindes is dit belangrik om te let op die tydsduur en die volgorde waarin die sprekers optree.

KONSTRUKTIEWE TOESPRAKE

- **Eerste voorstander:** 'n Volledige ontleding van die eie siening asook 'n voorspelling van die opponente se ontleding/standpunte word gelewer. Hy/Sy stel en bespreek sy/haar argumente uit die argumente wat hul span gebruik om hul standpunt te verdedig. Hy/Sy sluit die konstruktiewe toespraak af. (Onthou dat dié spreker sy/haar konstruktiewe toespraak volledig kan uitwerk. Die ekstra tyd wat aan die ontleding van sy/haar eie en die opponente se standpunte afgestaan moet word, word daardeur geregverdig. Die ontleding bepaal die sukses van die debat en is daarom baie belangrik vir geslaagde debatvoering.)
- **Eerste teenstander:** Die verskille ten opsigte van die ontleding van die onderwerp moet voorkeur geniet. Lê veral klem op die verskille wat by die interpretasie voorkom. Noem en bespreek sy/haar argumente om sy/haar standpunt te verdedig. Sluit dié deel van die betoog af.

- **Tweede voorstander:** Die debatteerder moet net op die verskille in die interpretasie reageer. Hierdie debatteerder kan wel reageer op argumente wat reeds geopper is, maar die belangrikste is om die oorblywende argumente van hul span te bespreek. Daarna sluit hy/sy hul span se konstruktiewe gedeelte af.
- **Tweede teenstander:** Daar word wel na die ontleding verwys, maar indien die twee spanne op 'n redelike wyse op alle aspekte ooreengekom het, moet dit nie weer bespreek word nie. Hierdie debatteerder mag wel na belangrike verskille/argumente verwys, maar die belangrikste taak is om hul span se laaste argumente te bespreek en die konstruktiewe deel van die debat baie kortliks af te sluit.

LET WEL: By die juniordebat is daar ses sprekers.

Die volgorde is: **Eerste voorstander, eerste teenstander, tweede voorstander, tweede teenstander, derde voorstander en derde teenstander.** Elkeen van die debatteerders val die opponente se standpunte aan en verdedig sy/haar span se argumente, maar elkeen stel sy/haar eie argument. (Slegs een is voldoende.)



DEBATSGESPREK

'n Debatteerder moet ten alle tye hoflik optree en nie die opponente boelie nie. Die hoofbeoordelaar sal tussenbeide tree indien 'n debatteerder nie gehoor gee aan redelike teregwysings/versoeke van die opponente nie. Indien dit vir die hoofbeoordelaar nodig is om in te gryp, kan dit die betrokke debatteerder se punte benadeel.

Lootjies word voor die seniordebat getrek om te bepaal of die voor- of teenstanders die debatsgesprek inlei. By die juniordebat is die volgorde waarin die vrae gestel en beantwoord word, reeds bepaal.

Die doelwitte van die junior- en seniordebat se debatsgesprek stem ooreen, maar by die juniordebat is dit eenvoudiger as by die seniordebat.

- Die vraagsteller lei die gesprek in sy/haar gedeelte van die debatsgesprek. Sy/haar spanmaat ondersteun hom/haar en mag ook ten volle deelneem aan die gesprek deur vrae te stel en te beantwoord. Dit is belangrik dat die gesprekleier sy/haar dinamika moet bewys tydens sy/haar 4 minute van die debatsgesprek. Vir die 4 minute wat hy/sy as gesprekleier optree, moet hy/sy die rol van 'n voorsitter met hoflikheid vertolk. Die res van die debatteerders moet hierdie voorsittersrol respekteer.
- Vrae handel oor die argumente wat deur die voor- en teenstanders in die konstruktiewe toesprake ter tafel gelê is. (Vrae mag nie handel oor argumente wat nie in die konstruktiewe fase gestel is nie. Opponent moet hierop bedag wees!)
- Hoflikheid is steeds die wagwoord. Debatteerders mag nie toelaat dat hulle deur die opponente benadeel word nie. Byvoorbeeld: Die vraagsteller stel die vraag en die spanmaat tree onmiddellik toe en verduidelik die vraag weer en las 'n stertjie by, of die debatteerder beantwoord die vraag en die spanmaat las onmiddellik 'n stertjie by. Dit is 'n voorbeeld van taktiek om opponente te benadeel. Die gesprekleier moet 'n stokkie daarvoor steek. Indien die opponente nie gehoor gee nie, sal die beoordelaars toetree en dit sal in die punte weerspieël word.
- Dit is ook 'n taktiek om die debatsgesprek te misbruik deur die konstruktiewe toesprake/redenasies voort te sit. Die gesprekleier moet dit hoflik en ferm uitwys en die gesprek terugstuur deur byvoorbeeld 'n volgende vraag te stel.
- Die dinamika van die gesprekleier moet die gesprek aan die gang hou en indien 'n opponent hom/haar van die voorreg ontnem, moet hy/sy die saak regstel, anders sal sy/haar onvermoë in sy/haar punte weerspieël word.
- Die gesprekleier/vraagsteller moet voorkom dat die teenstander die leiding in die gesprek neem of die gesprek domineer. Die dinamika van die gesprekleier word bepaal deur die wyse waarop die gesprekleier sorg dat alle debatteerders by die reëls hou. Die gesprekleier is die voorsitter. 'n Spanmaat wat hom/haar van sy/haar rol beroof, benadeel die gesprekleier. Spanmaats wat mekaar onderbreek veroorsaak dat die persoon aan die woord onbeholpe voorkom, en doen hul span meer kwaad as goed.
- Dit is onaanvaarbaar as 'n opponent voortdurend probeer om die debatsgesprek te oorheers. Daarom is dit baie belangrik dat die gesprekleier op sy hoede moet wees en verhoed dat dit gebeur.
- Die gesprek word met 'n vraag van die eerste gesprekleier/vraagsteller ingelei. Vrae moet oor die onderwerp handel en duidelik geformuleer word.
- Alle vrae moet beantwoord word, tensy 'n grondige en aanvaarbare rede vir die teendeel aan die beoordelaars en opponente verstrek kan word.
- Indien die opponente van mening is dat 'n vraag sinneloos of ontoelaatbaar is, mag hulle so sê. Indien die vraagstellers daarop aandring dat die vraag wel ter sake is en beantwoord moet word, moet hulle (en uit die aard van die saak die beoordelaars) doodseker wees van hulle saak, want as dit nie die geval is nie, sal die vraagstellers gepenaliseer word.
- Die hoofbeoordelaar mag die besluit van 'n debatteerder om 'n vraag te weier, veto indien die weiering onbillik is.
- Die stel van 'n vraag neem sowat 15 tot 20 sekondes in beslag. Die beantwoording van die vraag moet ook op die man af wees en sal uit die aard van die saak ook sowat 15 tot 20 sekondes neem. 'n Hoflike gesprekleier sal toelaat dat opponente 'n billike kans kry om op vrae te reageer. Indien hy/sy opponente daarop wys dat hulle te lank neem om by die antwoord uit te kom, moet die gesprekleier baie seker wees van sy/haar saak, anders klink dit asof hulle onkant gevang word deur 'n goeie antwoord. Afrigters is verantwoordelik om toe te sien dat hierdie vaardigheid korrek ingeoefen en toegepas word.

- Die twee spanne mag in 'n debat betrokke raak deur mekaar se argumente te probeer weerlê.
- Teenvrae deur die opponente word toegelaat indien dit natuurlik volg op die vrae deur die gesprekleier. Die gesprekleier moet egter 'n "wakende oor" hieroor hou. Wees wakker vir ongeoorloofde taktiek teenoor dit wat werklik 'n positiewe bydrae tot 'n suksesvolle debatsgesprek lewer.
- Die gesprekleier kan dus weier dat 'n opponent 'n vraag stel tydens die deel van die gesprek waarin hý veronderstel is om die vraagsteller te wees. Daar moet egter 'n baie goeie rede daarvoor verskaf word. Indien die gesprekleier die vraag weier, moet dit geregverdig wees anders sal dit die punte negatief beïnvloed.
- Die volgende gesprekleier/vraagsteller kan besluit om voort te gaan met die argument of hy kan 'n nuwe argument met 'n nuwe vraag inlei. Dit is bloot die deelnemers wat rolle verwissel. Indien 'n lewendige gesprek plaasvind, sal die nuwe gesprekleier dikwels baie sterker in beheer lyk indien hy/sy toelaat dat dié gesprek voortgaan.
- Gesprekleiers moet versigtig wees om 'n gesprek waarin hulle span swak vertoon, summier te beëindig, aangesien dit die indruk kan skep dat hulle besig is om die argument te verloor.
- 'n Bron van die opponente mag bevraagteken word. Opponente wat egter daarop aandring dat sekere gegewens in 'n bron onmiddellik nagegaan moet word (en daardeur tyd verspeel) mors kosbare tyd en sal beslis gepeenaliseer word. Die hoofbeoordelaar moet sy/haar goeie oordeel gebruik en tussenbeide tree.
- Dit is 'n ernstige fout as die debatsgesprek vashaak by slegs enkele van die argumente wat tydens die konstruktiewe gedeelte gebruik is. 'n Span wat op en wakker is, sal hulself ten doel stel om te verseker dat vrae oor soveel argumente moontlik (soos in die konstruktiewe fase gestel) sal handel.
- **Die volgende riglyne kan help om moontlike vrae te identifiseer:**
 - Aspekte van die opponent se toespraak is vaag of onduidelik.
 - Foute in die opponent se bewyse.
 - Die vraag kan op 'n indirekte wyse gebruik word om 'n standpunt te versterk.
 - Die vraag word gebruik om indirek te reageer op 'n aanval op argumente.
 - Waak teen oop vrae wat nie binne 'n kort tyd beantwoord kan word nie.
 - Waak teen "Ja"- en "Nee"-vrae. Bou voort met relevante opvolgvrae.
- Indien 'n debatteerder in sy gedeelte van die debatsgesprek geen verdere vrae het om te stel nie, mag hy die tydhouer versoek om sy vier minute te beëindig. Die tydhouer dui dan aan dat die 4 minute van die volgende gesprekleier begin.
- **Baie belangrik:** Indien die twee spanne nie tot 'n vergelyk kan kom oor sekere aspekte van die onderwerp nie, moet dit kortliks in die debatsgesprek aangespreek word. Dit kan nie in die debatsgesprek geïgnoreer word en dan weer uit die bloute in die repliektoesprake opgehaal word nie.



REPLIEKTOESPRAKE

2½ tot 3½ minute per debatteerder. Slegs een teenstander en een voorstander lewer repliek by die juniordebat. Al vier seniordebatteerders lewer repliek by die seniors. Dit duur ook 2½ tot 3½ minute.

- Die repliek mag hoegenaamd nie volledig tuis voorberei word nie. (Spanne voorspel wel opponente se argumente en berei voor hoe hulle in die repliek daarop gaan reageer.)
- Die repliek word (net soos die konstruktief) volgens (hoof)argumente aangebied. Hierdie argumente is die argumente soos deur die voorstanders en teenstanders in die konstruktief bespreek is en waaroor vrae in die debatsgesprek gestel is.
- Geen nuwe argumente mag in die repliek gebruik word nie. Die repliek MOET oor dieselfde onderwerp as die debat handel.
- Die tweede spreker van die teenstanders en die voorstanders sluit hul span se betoog aan die einde van sy/haar repliektoespraak baie kortliks af.
- Dit is onnodig om weer 'n interpretasie van die onderwerp te doen. Indien daar egter groot verskille was, moet die debatteerders dit kortliks in die debatsgesprek aanspreek en kortliks in die repliek daarna verwys.
- Let daarop dat alle aspekte volgens die beoordelingstaat weer bepunt word.

LET WEL:

By die beoordeling en/of afrigting van die juniordebat is dit noodsaaklik om die riglyne vir die repliektoespraak in die junior debat deeglik te bestudeer.



REDENERING

Die einddoel van enige debat is om die gehoor deur middel van rasonale argumente te oortuig. Oorreding deur logiese en sistematiese beredenering is dus die sprekers se oogmerk.

Beredenering is gewoonlik aanvaarbaar as:

- Relevante en logiese gevolgtrekkings volg op bewyse;
- Dit duidelik is hoe die bewyse die subargumente ondersteun;
- Subargumente die hoofargumente ondersteun; en
- Die debatsproposisie met argumente en subargumente voor- of teengestaan word.

As hierdie logiese ketting nie duidelik is vir die beoordelaar nie, skort daar gewoonlik iets met die beredenering. Daar word veral geredeneer deur:

- Voorbeelde waaruit 'n gevolgtrekking gevorm word;
- Die gebruik van vergelykings of analogieë. Twee sake word met mekaar vergelyk en die afleiding is dat wat in een geval waar is, ook in die ander geval waar kan wees. Sodanige vergelykings kan letterlik of figuurlik wees; en
- Kousale beredenering, waar sekere gebeure noodwendig sekere gevolge veroorsaak. Daar kan van die oorsaak na moontlike gevolge geredeneer word, of van die verskynsels na die moontlike oorsaak of oorsake daarvan.

Die debatteerder moet versigtig wees om nie bewustelik of onbewustelik sekere redenasiefoute te begaan nie. Die volgende is voorbeelde van redenasiefoute:

- Verontagsaming van die opponente se hoofargumente/subargumente;
- Sirkelargumentering;
- Fokus op opponente se irrelevante argumente/bewyse;
- Persoonlike aanvalle teen die opponente;
- Verskuiwing van die basis van die argument;
- Die gebruik van bombasme en/of sarkasme;
- Kritiek van die opponente se argumente sonder die nodige redes of bewyse;
- Die ontkenning van 'n geldige gevolgtrekking; en
- Oordrywing of verdraaiing van die opponente se argumente.



AANVAL EN VERDEDIGING

Die debatteerder moet voortdurend in 'n aktiewe wisselwerking met sy opponent betrokke wees deur te fokus op die botsing van idees/standpunte. Laasgenoemde moet hul eie saak versterk, verdedig en opponente se saak verswak deur beplande aanvalle en weerleggings. In debatvoering is aanval en verdediging 'n deurlopende proses. Debatvoering is soos 'n tenniswedstryd waartydens die bal heen en weer vir mekaar geslaan word, met die hoop dat die opponent dalk nie die bal sal kan terugslaan nie, omdat dit so 'n goeie hou (argument) was. Argumente en bewyse staan dus nie los nie, maar altyd in opposisie met 'n ander argument of bewys. Debatteerders word negatief geëvalueer as hulle nie op mekaar se argumente reageer nie, hetsy deur aanval of verdediging.

Aanval geskied hoofsaaklik deur:

- Kritiek van opponente se analise;
- Uitwysing van leemtes in argumentering;
- Beklemtoning van swak, irrelevante en onvolledige bewyse; en
- Blootlegging van onakkurate en onlogiese redenering.

Verder kan die sterkte en toepaslikheid van die opponente se hoof- en subargumente met die nodige redes en bewyse aangeval word. Verdediging geskied deur die effek van die opponent se aanvalle op beredenering en bewyse te probeer herstel deur dit met ander beredenering en nuwe bewyse weer te lê, of deur die eie beredenering en bewyse beter toe te lig en te illustreer, sodat die geldigheid daarvan behoue bly.

DIE KERN VAN DIE DEBAT

- Ontleding en interpretasie
- Bewyse
- Organisasie
- Redenering
- Aanval en verdediging.



LEWERING

Appèl op die gehoor

- 'n Goeie spreker het die gehoor in die palm van sy hand.
- Die aandag van die gehoor moet behou word deur direkte, informele, geselsende omgang met die gehoor, maar ook deur middel van erns en 'n lewendige voordrag.
- Oogkontak met alle lede van die gehoor is van groot belang.
- Motivering van die gehoor om die standpunt te aanvaar, is waardevol. Pas aan by die gehoor se siening van sake.
- Die inleiding en slot moet die hoogste moontlike mate van rasonale appèl dra.

Karakter (etos) en voordrag

- Die gehoor se siening van die spreker se karakter (etos), soos dit vir hulle tydens die toespraak voorkom, sal in 'n groot mate bepaal of hulle die argumente gaan aanvaar of nie. Deeglike voorbereiding, erns, opregtheid, selfvertroue, 'n ewewigtige houding, vriendelikheid, gemeenskaplike gronde met die gehoor, kleredrag en fisieke voorkoms is faktore wat die etos bepaal. Die beste argumente kan hul krag deur swak voordrag verloor. Moenie 'n toespraak opsê nie – praat met die gehoor. Leer slegs hoofpunte en ingewikkelde idees van buite. Maak gebruik van kernaantekeninge en praat spontaan. Oefen vooraf.
- Afwisseling en lewendige optrede is belangrik. Wissel die stemtoon af en maak gebruik van oordeelkundige pouses en beklemtoning. Elke woord moet duidelik hoorbaar wees, veral vreemde en onbekende woorde.
- Gebruik kernaantekeninge oordeelkundig. Gebruik kaartjies op 'n wyse wat jou pas. Moenie van die kaartjies aflees nie, maar moet ook nie bang wees om die kaartjies te gebruik wanneer dit nodig is nie. Die gebruik van kaartjies moet net nie die kommunikasie en oogkontak met die gehoor versteur nie.
- Die houding moet natuurlik en gemaklik wees. Oordrewe gebare, senuagtige bewegings en rondbeweeg hinder die gehoor. Jy moet wel die liggaam as 'n eenheid gebruik in die kommunikasieproses.
- Die gebruik van 'n kateder is opsioneel.

Taalgebruik

Taal is van uiterste belang tydens debattering. Dit moet behendig, versigtig en met volle beheer gebruik word.

- Die woordeskat moet voldoende vir die keurige en doeltreffende weergee van idees wees, maar die woorde moet nooit te geleerd, te hoogdrawend en te moeilik vir die gehoor wees om te verstaan nie. Platvloerse woorde, direkte of swak vertalings asook anglicismes moet liefers vermy word. Die spreker moet die betekenis ken van elke woord wat hy/sy gebruik en die woord ook korrek en in die regte verband aanwend. 'n Informele en meer persoonlike voordragstyl is verkieslik.
- Bondige taalgebruik moet toegepas word.
- Konkrete begrippe moet deeglik omlyn word. Spesifieke woorde en uitdrukkings is belangrik en vermy vaaghede.
- Helder beelde moet deur die spreker opgeroep word. Daar kan van gepaste beeldspraak, metafore en ander stilistiese vorme gebruik gemaak word, maar dit moenie soos 'n kunsopstel klink nie. Debatvoering vereis 'n duidelike, direkte styl wat onmiddellik verstaanbaar is.
- 'n Natuurlike aanslag is verkieslik.

Bydrae tot die spanpoging

Die kompetisie is 'n spankompetisie en nie 'n kompetisie tussen individue nie. Die spanlede vorm dus 'n hegte eenheid en werk saam om 'n gemeenskaplike doel te bereik, naamlik om die gehoor van húl standpunt te oortuig. 'n Span moet dus met 'n werksverdeling funksioneer sonder om die eenheid van die span tydens konstruktiewe en repliektoesprake in te boet.

Let wel:

Die bronne waaruit feite en inligting verkry is, moet gemeld word.

Visuele hulpmiddels mag gebruik word, met die voorbehoud dat dit slegs ondersteunend tot die gesproke woord is en geen spesiale fasiliteite daarvoor nodig is nie.

Waar moontlik, sal 'n kateder verskaf word. Die deelnemers is nie verplig om dit te gebruik nie.

Elektroniese hulpmiddels mag gebruik word, maar streng volgens die reëls van die kompetisie.



BEOORDEELSTAAT: JUNIORS

VOORSTANDER

Skool:

Naam:	1	2	3
1. Interpretasie en organisasie	/15	/10	/10
2. Bewyse/Bronne	/5	/5	/5
3. Redenering	/10	/10	/10
4. Aanval en verdediging	/10	/15	/15
5. Lewering	/5	/5	/5
6. Taal	/5	/5	/5
A: TOTAAL	0 /50	0 /50	0 /50

INDRUK VAN DEBAT		
1. Hoe vul lede mekaar aan?		/3
2. Spontaneïteit		/3
3. Spanpoging		/4
D: TOTAAL		/10

SUBTOTAAL:

- STRAFPUNTE

= GROOTTOTAAL

DEBATSGESPREK			
Gehalte van vraag/antw			
VRAAG		ANTWOORD	
1	/5		/5
2	/5		/5
3	/5		/5
B: TOTAAL		0	/30
REPLIEK			
C: TOTAAL			/10

0	/200	(A+B+C+D)

BEOORDELAAR

ATKV-DEBATSKOMPETISIE BEOORDEELSTAAT: JUNIORS

TEENSTANDER

Skool:

Naam:	1	2	3
1. Interpretasie en organisasie	/15	/10	/10
2. Bewyse/Bronne	/5	/5	/5
3. Redenering	/10	/10	/10
4. Aanval en verdediging	/10	/15	/15
5. Lewering	/5	/5	/5
6. Taal	/5	/5	/5
A: TOTAAL	0 /50	0 /50	0 /50

INDRUK VAN DEBAT		
1. Hoe vul lede mekaar aan?		/3
2. Spontaneïteit		/3
3. Spanpoging		/4
D: TOTAAL	0	/10

SUBTOTAAL:

- STRAFPUNTE

= GROOTTOTAAL

DEBATSGESPREK			
Gehalte van vraag/antw			
VRAAG		ANTWOORD	
1	/5		/5
2	/5		/5
3	/5		/5
B: TOTAAL		0	/30
REPLIEK			
C: TOTAAL			/10

0	/200	(A+B+C+D)

BEOORDELAAR



BEOORDEELSTAAT: SENIORS

VOORSTANDER

Skool:

Naam een:					
	1		6		
	Konstruktief		Repliek		Totaal
1. Interpretasie		/15		/5	/20
2. Organisasie		/10		/10	/20
3. Bewyse/Bronne		/10		/10	/20
4. Redenering		/10		/10	/20
5. Aanval en verdediging		/5		/10	/15
6. Lewering		/5		/5	/10
7. Taal		/10		/5	/15
8. Debatsgesprek	Gesprekleiding				/5
	Vrae				/10
	Antwoorde				/15
SUBTOTAAL:					0 /150
GROOTTOTAAL					0 /300

Naam een:					
	3		8		
	Konstruktief		Repliek		Totaal
1. Interpretasie		/5		/5	/10
2. Organisasie		/10		/10	/20
3. Bewyse/Bronne		/10		/10	/20
4. Redenering		/10		/10	/20
5. Aanval en verdediging		/15		/10	/25
6. Lewering		/5		/5	/10
7. Taal		/10		/5	/15
8. Debatsgesprek	Gesprekleiding				/5
	Vrae				/10
	Antwoorde				/15
SUBTOTAAL:					0 /150

ATKV-DEBATSKOMPETISIE BEOORDEELSTAAT: SENIORS

TEENSTANDER

Skool:

Naam een:					
	2		5		
	Konstruktief		Repliek		Totaal
1. Interpretasie		/10		/5	/15
2. Organisasie		/10		/10	/20
3. Bewyse/Bronne		/10		/10	/20
4. Redenering		/10		/10	/20
5. Aanval en verdediging		/10		/10	/20
6. Lewering		/5		/5	/10
7. Taal		/10		/5	/15
8. Debatsgesprek	Gesprekleiding				/5
	Vrae				/10
	Antwoorde				/15
SUBTOTAAL:					0 /150
GROOTTOTAAL					0 /300

Naam een:					
	4		7		
	Konstruktief		Repliek		Totaal
1. Interpretasie		/5		/5	/10
2. Organisasie		/10		/10	/20
3. Bewyse/Bronne		/10		/10	/20
4. Redenering		/10		/10	/20
5. Aanval en verdediging		/15		/10	/25
6. Lewering		/5		/5	/10
7. Taal		/10		/5	/15
8. Debatsgesprek	Gesprekleiding				/5
	Vrae				/10
	Antwoorde				/15
SUBTOTAAL:					0 /150

BEOORDELAAR



ATKV

WWW.ATKV.ORG.ZA